

11 April

Wat staan ons te doen in versoeking?

Skrifgedeelte: Lukas 22:39-46 (OAV)

Fokusgedeelte: Lukas 22:46

Versoeking is bitter moeilik. Om dit te weerstaan en te oorkom, is nooit kinderspeletjies nie. Natuurlik ook nie, want die oorsprong en skepper van versoeking is verseker *baie magtig*: die duiwel, die ou mensemoordenaar van die begin af (Joh 8:44).

Ons dien egter die *almagtige*, drie-enige God. Geen duiwel of Satangedrewe mens kan werklik iets teen Hom vermag tot nadeel van God se kind nie.

Die Vader vertroos ons vol ontferming deur onder andere sy engele in die sware aanvegtings wat altyd met versoeking gepaardgaan.

Die Seun, as barmhartige en getroue Hoëpriester van die nuwe verbond, het volle begrip vir sy mense se stryd in hierdie wêreld. “Deurdat Hy Sêlf onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word” (Heb 2:18).

Die Heilige Gees begelei ons in ons gebedsnadering tot die troon van God. As midde-in die versoeking die beproewing egter só swaar word dat dit vir ons onmoontlik raak om ’n gebed te formuleer, dan tree hierdie groot Trooster in en bid vir ons “met onuitspreeklike sugtinge” (Rom 8:26).

In die bostaande Skrifgedeelte sê ons Here Jesus Christus twee keer duidelik aan sy dissipels (vs 40 én 46) wat hulle te doen staan met versoeking: hulle moet naamlik bid dat hulle nie daarin kom nie.

Jesus Self was egter midde-in die versoeking hier in Getsémané kort voor sy gevangeneeming: sy menslike natuur het intens gesmag na die wegneem van die lydensbeker, die ontduiking van God se oordeel. Maar Hy sonder Hom af in die gebed en lê die versoeking met vrymoedigheid aan sy Vader voor.

Sy Vader stuur ’n engel uit die hemel om Hom te versterk. Hy kom in ’n bitter moeilike stryd. Die gebedswoorde kom met al hoe groter inspanning uit sy hart uit. Die sweet tap Hom af soos bloeddruppels wat op die grond val ...

Dan is die gebed verby, maar genadiglik ook die versoeking. As Beproefde, deur die gebed versterk, is ons Here as lydende Knecht nou gereed vir die intense beproewing wat wag.

“Bid dat julle nie in versoeking kom nie.” Maar as julle wél daarin beland, bid dan steeds, soos ons Here gedoen het. God se engele is nog altyd tot sy mense se hulp gereed (Heb. 1:14) – ook in versoeking; God se Gees is steeds daar om te help bid, te troos en ewig by ons te bly.

Sing: Skrifbelyning 43:4 (Totius)

Dr. Izak Bekker (Emeritus)